Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30

God sien alles

Skriflesing: Gen 30: 25-43; Gen 31 :1-17,41,42; Heb 11: 21; Psalm 121:1-5 (1Pet4:19)

Teksvers:
Hebreërs 11:21(Gen 47:31)

Sing:
Ps 84:1,2
Sb 9-3:1,2
Ps 135:1,2,11
Ps 84:5,6
Sb 13-3

Elektroniese verwerking:
Eric Guldemond, Jacques Silvis

Orrelis: Corlea vd Walt

Prediker: Ds Maarten van Helden

Ai, die arme ou Jakob darem. Hy het vir homself soveel moeilikhede op die hals gehaal. Sy eie planne skelmstreke het hom niks anders as stres en sorge besorg nie en vir sy huisgesin nie goed gedoen nie. Die onreg van die skelmstreke teenoor hom gepleeg het dit nie juis makliker gemaak nie. Ons hoor dat die twintig jaar vir Laban vir hom tog ook moeilike tye was. Die teksgedeelte leer ons egter dat geen onreg teenoor hom gepleeg ooit God se oog ontgaan het nie. En vir God se kinders in die wêreld van onreg en korrupsie geld dit as 'n troosvolle boodskap.

Nota: In Gen 47:31 lees ons dat Jakob in aanbidding buig oor die koppenent van sy bed., terwyl Heb 11 meld dat hy aanbid oor die knop van sy staf. Die verskil kom in Hebreërs wat aanhaal uit die LXX wat 'n ander lesing het as die MT van die Ou Testament. Die stamwoord is dieselfde, die klinkers verskil. (matê = staf en mitah = bed). Dit maak aan die wese van die saak geen verskil nie. In beide lesings gaan dit immers daaroor dat Jakob aan die einde van sy lewe/ in sy ouderdom 'n dankbare aanbiddende houding in onderwerping aan die wil van God ingeneem het.

SONDAGAAND 18:00

Jou woord is jou eed

Skriflesing: Matt 5:33-37; 23:16-22
Teksvers:
Matteus 5:37

HK Sondag 37

Sing:
Ps 89:3, 14
Ps 119:39, 40
Ps 105:5, 6
Sb 13-3

Elektroniese verwerking:
Eric Guldemond
Jacques Silvis

Orrelis: Mariki Lessing

Prediker: Ds Lourens Venter

In die derde gebod is dit baie duidelik waar dit gaan om die Naam van God dat ons in geen opsig dit ligtelik moet opneem nie. Want aan die Naam van God word sy eer gekoppel en is heilig omdat dit sy wese voorstel. Daarin is die miskenning van God se Naam en die misbruik 'n belangrike saak wat ons nie mag ignoreer nie. God wil dat ons sy Naam nie misbruik nie maar wel dat ons Hom reg aanroep!

Wat het eedswering dan met die Naam en die regte gebruik van die Naam van die HERE te doen? Om te sweer of 'n eed af te lê beteken om 'n verbond aan te gaan of dan 'n kontrak, 'n belofte. Met hierdie verbond stel jy as persoon die waarheid bo alle dinge. Omdat geen mens in jou hart kan sien of dit wat jy sê die waarheid is of nie, word daar gewoonlik dan op God beroep om as getuie te dien.

Ons staan vanaand stil by die bergrede waarin ons Here Jesus ons leer dat ons woord ons eed is.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 45 Nr 40 18 Oktober 2020

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

KEN JOU VYAND

(Maar onthou, Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in -Lukas 3:10)

Die vyande van God se kinders kom gewoonlik soos wrede wolwe in skaapsklere (Mat 7:15). *Die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu* (1 Pet 5:8) en *bied homself aan as 'n engel van die lig* (2 Kor 11:14).

Die bose is reeds oorwin en dus is hy nou té lafhartig om openlik op te tree. Daarom waarsku Paulus dat ons stryd nie teen mense (vlees en bloed) is nie, maar teen die vors van die duisternis en sy bose geeste in die lug. Dit is dus 'n geestelike oorlog en die teiken is nie 'n volk of 'n groep mense nie, maar die "hearts and minds of the people". En dit is hier waar gelowiges nie verlei moet word om die morele hoëgrond van die geloof te verlaat nie.

Daarom laat Jesus Petrus sy swaard in sy skede terugsit (Mat 26:52) en genees hy die oor van sy vyand en leer Hy hulle én ons om vir ons vyande en vervolgers te *bid "sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel"* (Mat 5:45). En self bied die apostel dan ook die geestelike wapenrusting aan om in die stryd die geloof te behou (Ef 6).

Volgens ons belydenis is die vyande van ons tyd *die drie grotes*: die wêreld en sy verleiding, die duiwel en sy skelm stoeigrepe en slinkse planne en dan ook die eie vlees, dus jyself. Pasop vir jouself. Pasop vir jou eie sin vir geregtigheid. Jy was selfs ook eens verlore en sonder Christus! Nou is jy gered en nou behoort jy aan die ewige koninkryk van jou Koning, Jesus Christus, wat die stryd reeds oorwin het en die bose verslaan het. Jy is meer as oorwinnaar deur die geloof in Hom.

Nou moet dit ook uit ons lewe wys dat ons die stryd teen die vyand nie op wêreldse wyse voer nie. En as jy dan moet ly en as jy dalk onreg moet ly, dan sal jy saam met Petrus bely: "*Daarom moet die wat ly volgens die wil van God, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper en aanhou goeddoen*" (1 Pt 4:19).

"*Moet jou dus nie deur die kwaad van ander laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie"* (Rom 12:21).

Ds Maarten

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Vry** 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za).**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com.

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT
Verwysing: *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

Eredienste op CD Indien u opsoek is na 'n oudio-opname van 'n erediens op CD skakel gerus vir Johann Verreynne (082 554 9416).

Eljada Huis—Die volgende items word op 'n konstante basis benodig: sout, soja, rys, soppoeier, mieliemeel, suiker, sardyne in tamatiesous, gebakte bone, blikkieskos, grondboontjiebotter, konfyt, toiletpapier, tandepasta, badseep, lyfroom.
Plaas items in die Eljada-waentjie wat tydens die oggenddienste uitgesit word.

Petra Swanepoel 082 927 7324

DIE AFRI-DUETFEES GAAN DEUR!
Met drie veilige vertonings op
4 en 5 Desember
Bespreek nou by duetfees@gmail.com
OF
Skakel of WhatsApp Cassie by
082-377 1112

Kollektes

Die diakonie bedank die gemeente vir hulle ruim bydraes in hierdie moeilike tyd.

Alhoewel daar houers by die deure beskikbaar is vir kollektes word lidmate gevra om asb vanweë die veiligheid van kontant by die kerk en die moontlike oordra van Covid-virus, gebruik te maak van die Zapper-kodes wat tydens die diens/nuusbrief geplaas word.

Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.
2 Kor 9:7

Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: *Skep Hoop*.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

bybelgenootskap van suid-afrika
2 MILJOEN Bybels VIR SA
200

Metode om tot die ***2 Miljoen Bybelsprojek*** by te dra:

1. Plaas jou bydrae in een van die kassies by die deure.
2. Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing; *Bybelgenootskap*

Laerskoolkinders 18 Oktober

Verbeel jou jy is Jakob en omkring al die skape en bokke wat Laban gesê het jy mag kry



Ons gee om vir Mekaar

"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1

- Marie Boshoff gaan 'n voetoperasie ondergaan (B14—654 1860).
- Gert Boshoff is gediagnoseer met blaaskanker en gaan behandeling ontvang (B14—654 1860).
- Hennie Lee ontvang nog steeds behandeling in Pretoria-Oos hosp (A9—072 536 4525).
- Mossie Venter is in intensief in Unitas hospitaal (B7—083 564 2957).
- Maxie de Lange sterk tuis aan na 'n knie-operasie (C14—644 1014).

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Katkisasie

Vandag: Les 22, Ps 42:1 Volgende week: Les 23, Ps 42:1
Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser

Di met verlof:

Die Predikante gaan in die volgende paar weke met welverdiende verlof. Emosioneel het die Covid-tyd groot impak op die predikante en wens ons hulle 'n welverdiende rus toe en seënwense tydens die rustyd. Ds Maarten kry ook 'n gedeelte van sy langverlof. (Bedieningskommissie—Jan Nel)

Ds Lourens Venter 19-25 Okt Ds Gerrit Kruger 26 Okt—1 Nov
Ds Maarten van Helden 2 Nov—20 Des

Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Broadcast every Sunday at 11:00

KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Bybelverspreiding

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

Pastorale berading—Esther du Plessis 071 868 2257.

Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

Instandhouding—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; hout- of lamineervloere; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Finansiële Beplanning. Ek spesialiseer in Risikodekking, beskerming van u huidige rykdom (wealth protection); Aftreebeplanning en studievoorsiening. Tjaart vd Walt (CFP ™) 082 824 2933.

Familie Mediasie - Esther du Plessis 071 868 2257.

Beginner musieklesse, Monumentpark. Mamma & babalesse; kleuterlesse; klavierlesse en musiekteorie. Eljé Oosthuizen 0766307006/beginnermusiek@gmail.com of kyk na webwerf: http://www.beginnermusiek.wixsite.com/beginner.

Kersprogram
Die Kerssangdiens verskuif na
6 Des 2020

Goeie nuus - 2 nuwe Bybels vir die mense van Suid-Afrika!

Dit is met vreugde dat die Bybelgenootskap oor die komende weke die bekendstelling van twee nuwe Suid-Afrikaanse Bybelvertalings aankondig. Eerstens die isiZulu, iBhayibheli Elingcwele op 18 Okt en daarna die Afrikaanse, Die Bybel: 2020-vertaling op 29 Nov.

Dit voltooi baie jare se ywerige werk aan elkeen van hierdie projekte, gekenmerk deur noue samewerking tussen die Bybelgenootskap en baie kerkgenootskappe. Ons is dankbaar vir hierdie samewerking.

Bid asseblief saam met ons dat God se Woord, veral deur hierdie nuwe Bybels, 'n tuiste in baie harte sal vind.

UITNODIGING : HERVORMINGSDAG—hou datum en tyd oop

Het jy geweet, 'n Oratorium is 'n Bybelse musiekdrama vir sang en orkes (HAT).

'n Musiekdrama, direk uit die Woord, word op Sondag, 25 Oktober 2020 ter viering van die groot Hervorming (31 Oktober 1517) aangebied.

Kom luister saam hoe twee groot meesters die Woord laat spreek het met aangrypende musiek oor die Skepping en die Messias en wat dit steeds vandag vir ons beteken.

Dit word direk uitgesaai vanuit GK Waterkloofrand om 17:00 tot 18:00. Die internet-skakel sal volgende week beskikbaar gestel word.

Samesteller : Prof Hendrik van der Wateren, van die Gereformeerde Kerkmuseum Waterberg in Nylstroom.

VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

18 Okt	Ben	vd Walt	A11	27824024095
20 Okt	Cornel	Heystek	C09	27721584590
	Rita	Smit	B19	27728691414
21 Okt	Elmari	Vercuiel	E01	27825612682
22 Okt	Pieter	Mostert	A02	27832523082
	Daniël	Rebel	A01	27825715397
	Gerard	van Rooy	C04	27828685795
23 Okt	Annelette	Gentle	B01	27824646893
	Magda	Jv Vuuren	B02	27722461815
	Sarel	Pretorius	B12	27842065083
	Paul	Steyn	A05	27828827976
	Anton	vd Bijl	C04	27832916855
	Johan	van Dyk	A14	27825769294
24 Okt	Renette	Harmse	B01	27824621839
	Frikkie	van Biljon	A16	27729954488

DOOPLIDMATE

19 Okt	Nicolas	Coetzee	C08	27829273146
23 Okt	Gerick	Maritz	A01	27833483056
	Nicholas	Wilson	E01	27849010109

GTA beplanning 2020

Soos baie ander goed die jaar kon ons nie die beplande tiener-aksies Sondagaande na kerk hou nie en onder die huidige omstandighede is dit steeds moeilik.

Die bestuur het besluit op 3 groter aksies Vrydae, 17:00 tot 19:00, by die jeughuis. Ons nooi al die tieners van Gr 7 - 11 uit om saam te kom kuier:

- 30 Okt tot 1 Nov—Staptoer
- 11 Des—Tienersafsluiting by ds Lourens se huis.

Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om **08:00** en **09:30**. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om **18:00**.

Daar word nie uitnodigings uitgestuur vir die aanddienste nie, lidmate is welkom om dit te kom bywoon.

Die kantoor gaan nie meer lidmate weekliks per sms uitnooi nie. Die bywoningrooster gaan weekliks in die Kommunikaatjie verskyn.

Ongelukkig is die pandemie nog in ons midde en lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

18 Oktober	
08:00	**09:30**
A05 tot A08	A01 tot A04
B06 tot B10	B01 tot B05
C05 tot C08	C01 tot C05

25 Oktober	
08:00	**09:30**
A09 tot A16	A01 tot A08
B11 tot B19	B01 tot B10
C09 tot C15	C01 tot C08

1 November	
08:00	**09:30**
A01 tot A08	A09 tot A16
B01 tot B10	B11 tot B19
C01 tot C08	C09 tot C15